S.A.O.U., Stellenbosch,
29 Junie 1966.

(Nie gekorrigeer nie. Dis deur 'n tikster getik van die opname-band af. Op sommige plekke was die weergawe — of die tikwerk — glad nie duidelik nie. — H.B. Th.)

191.T.2(23)

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

# DIE OORGANG VAN DIE SKOOL NA DIE UNIVERSITEIT

PROFESSOR H.B. THOM

Rektor, Universiteit van Stellenbosch

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

# DIE OORGANG VAN DIE SKOOL NA DIE UNIVERSITEIT

Rede gelewer op 29 Junie 1966 deur die Rektor, professor H.B. Thom, by geleentheid van die Twee-en-Sestigste Kongres van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, wat op Stellenbosch vergader het gedurende die tydperk 27 tot 30 Junie 1966 as deel van die Eeufeesprogram van die Universiteit.

# I N L E I D I N G

Meneer die Voorsitter, dames en here, graag betuig ek my innige waardering vir die vriendelike woorde wat die Voorsitter uitgespreek het. Van my kant wil ek maar net sê dat dit vir my ook werklik 'n geleentheid is, dit is vir my 'n voorreg om hier, voor hierdie Kongres, 'n paar woorde te sê, veral by hierdie geleentheid.

Meneer die Voorsitter, 'n mens se versoeking is baie sterk, om wanneer jy in so 'n groep, waar so 'n vergadering soos hierdie byeen is, te praat oor dié dinge wat ons nie net na aan die hart lê nie, maar ook dié dinge wat, wanneer ons daaroor praat, ons harte warm laat klop. By my ook, is die versoeking baie sterk om te praat oor dié dinge, groot ideale, groot lyne, treffende dinge in ons onderwys wat vir u en vir my en vir ons almal ten seerste interesseer.

Ek hoop u sal my vergewe as ek dit nie doen nie. Ek hoop u sal my verdra as ek my hier bepaal by wat ek beskou as 'n suiwer praktiese probleem. Ek wil amper sê ek kom nie so seer hier om vir u toe te spreek nie, maar ek kom eerder hier met die bedoeling dat ons 'n probleem saam moet ondersoek. Dit beteken dat 'n mens voortdurend by die feite, by die probleem en by die implikasies moet bly en dat ons miskien nie ons gedagtes die vleuels kan gee wat 'n mens graag andersins wou doen nie. Ek wil graag met u 'n praktiese vraagstuk van ons onderwys bespreek. Toe u Sekretaris, dr. Pauw aan my geskrywe het en gevra het of ek nie by hierdie geleentheid as spreker sal optree nie, het hy vir my gesê dat ek my eie onderwerp kan kies. Vanselfsprekend sal 'n onderwerp ontleen aan die opvoedkundige gebied van belang wees en hy noem maar net <u>die oorgang van die skool na die universiteit</u>, as 'n moontlikheid. Toe dr. Pauw dit genoem het, het ek dadelik gevoel hy het iets wat my ten seerste interesseer en my ook moet interesseer - as onderwysman en by name as universiteitsman. Wat meer is, by 'n geleentheid soos dié, met manne wat in die praktiese onderwys staan, is dit 'n onderwerp wat hulle

ook sal interesseer. Ek wil dus baie graag met u praat oor die vraagstuk van <u>die oorgang van die skool na die universiteit</u>.

Ek het daarvan kennis geneem dat ander persone en instansies, op ander plekke waar daar oor die probleem gepraat is, dieselfde kern geneem is, maar dan is dit miskien uit ander hoeke gesien. Ek het ook daarvan kennis geneem dat daar soms gepraat word oor groot getalle druipelinge op die universiteit. Dit is ten dele hierdie probleem waarmee ons te doen het. Dat daar gepraat word oor die aansluiting tussen die skool en die universiteit - dit is ten dele dieselfde. Ek verkies om dit te noem soos dr. Pauw dit in sy brief genoem het, <u>die oorgang van die skool na die universiteit</u>.

## <u>AKTUELE VRAAGSTUK</u>

Geagte dames en here, dit is vir ons almal 'n praktiese probleem en ek vertrou ons sal met mekaar ingaan op die aard en omvang van die probleem, op die implikasies en moontliker wyse oor optrede in verband daarmee. Dit is 'n baie aktuele vraagstuk. Ek het in Suid-Afrika en ook in die buiteland by verskillende geleenthede samesprekings bygewoon waar daar gepraat is oor die kwessie van die oorgang van die skool na die universiteit. Dit het my nog altyd getref, hier by ons, in ons eie land en in die buiteland, watter verskeidenheid van menings en gesigspunte jy kry. Almal is direk, almal is intens daarin geïnteresseerd. Dit is iets wat nie net ons blankes raak nie, maar wat ook ons nieblankes raak. Dit is nou reeds vir 'n hele paar jaar my taak, nee, eerder my voorreg, om ook ten nouste verbonde te wees met 'n nie-blanke universiteitsinrigting en ek is bly om vanmôre die Rektor van dié inrigting, naamlik die Universiteitskollege Wes-Kaapland, hier by ons te sien, naamlik prof. Meiring. Ek waardeer dit om eweneens, saam met hom te sien 'n oud-S.G.O. van ons, mnr. Liebenberg. Prof. Meiring en ek het met dieselfde probleem te doen in die Universiteitskollege van Wes-Kaapland. Vanaf die stigting van daardie universiteitsinrigting,

3/......

is ek die Voorsitter van die Raad en ons weet ook daar het ons te doen met die vraag van die oorgang van die leerlinge van die skool na die universiteit. Dit is dus 'n aktuele probleem vir onsself in Suid-Afrika - dis 'n probleem ook in die buiteland - 'n probleem nie net vir blank nie maar ook vir nie-blank. Hierdie probleem het verskillende belangrike sye. Nou wil ek nie op al die sye daarvan ingaan nie maar ek noem net by voorbeeld die <u>persoonlike</u> en die <u>akademiese</u> sy. Vir elke jongman of jongdogter wat van die skool na die universiteit gaan is daar aan daardie vraagstuk van die oorgang verbonde 'n persoonlike sy en 'n akademiese sy. Dames en here dit is werklik vir 'n mens dikwels aangrypend om te sien wat alles saamhang met die persoonlike sy. Die versoeking is vir my sterk om hierop in te gaan maar as ek dit doen dan verloor ek te veel tyd vir die ander sy van die saak. Jy moet vir mense dit moontlik maak om hulle aan te pas. As jy 'n jongman kry wat baie goed gedoen het in die matrikulasie - 'n hele paar onderskeidings het - en hier op die uhiversiteit kom en vir jou sê hy kan nie aangaan nie; dit is vir my vreemd, dit is so anders, dit is nie waaraan ek gewoond is nie, dinge is so anders en hy sê verder: „Kyk professor, ek kom uit 'n baie armoedige omgewing, dit is hier vir my te goed". Jy vra jou dan af, waar lê die moeilikheid? Is dit dan nie 'n geleentheid wat hy kry nie? Dan kom jy by daardie groot belangrike sy van hierdie saak, die persoonlike sy. Ek het met die hulp van 'n paar van ons dosente vir hierdie geval moeite gedoen en die jongman na die beste van ons vermoë gehelp om koers te kry maar ons kon nie. Hy is weg. Ons het egter nie met hom voeling verloor nie en hy het die volgende jaar teruggekom en met groot sukses gestudeer. Daar is die persoonlike sy, daar is talle van aspekte daaraan verbonde.

Maar ons het ook te doen met die <u>akademiese</u> sy. Ek sou vanmôre hier vir u baie statistieke kon aanhaal van talle van jongmense wat van die skole af na die universiteite gegaan het, in Kaapland of in ander provinsies. Ons sou met mekaar ook kon praat oor statistieke in verband met die getalle wat op die universiteit geslaag het en die wat

4/......

gedruip het. Maar ek sal dan maar liewers vir hierdie stadium altans, die statistieke daar laat. Die statistieke sal miskien by 'n latere geleentheid baie goed gebruik kan word. Ook, wat ek by die begin gesê het, ek kom nie hier om te sê ek het een of ander oplossing vir hierdie probleem nie. Ek dink nie hier is een van ons wat sal sê dat hy of sy 'n oplossing het nie. Die meeste wat ons kan doen is om te probeer om 'n benadering te vind. Laat ons probeer om 'n weg te bepaal waarop ons kan voortgaan en waarop ons kan hoop om met verloop van tyd 'n oplossing te kry. Een van my ou leermeesters op hierdie universiteit, baie van u het hom goed geken, wyle prof. G.G. Cillié, het 'n keer gesê: „Vir enige mens is dit noodsaaklik, voordat hy 'n oplossing soek, dat hy sy probleem ken."

Ek dink ons moet probeer om ons probleem baie duidelik te sien. Dan moet ons 'n benadering vind en ons moet 'n weg probeer bepaal. Geagte dames en here, in die volgende plek, die omvang van die probleem. Laat ons maar dadelik hier erken, dit is met die oorgang van die skool na die universiteit toe, vandag nie na wens gesteld nie. Hier is seker nie een van ons wat daarvan sal verskil nie. Dit tref my amper elke jaar hier aan die Universiteit, dit het my nou vanjaar weer getref, as ek met jong studente praat, party van hulle het op skool uitstekend gedoen. Ek het vanjaar so 'n voorbeeld gehad. 'n Jong seun, hy het matriek in die eersteklas geslaag en hy kom met groot ideale universiteit toe. Hy neem 'n kursus in die Ingenieurswese en hy kom met sy eersteklasse. Hy het Chemie, Fisika, ens. Ek vra vir hom hoe dit gaan en hy sê vir my: „Ek weet net nie wat daar aangaan nie". Dit is nie omdat hy dom is nie, hy probeer sy bes, hy doen moeite maar hy weet net nie wat daar aangaan nie. Hy sê dis 'n ander wêreld, dis 'n ander taal.

Hier was op Stellenbosch 'n paar jaar gelede 'n kort kursus vir onderwysers in die Natuurwetenskappe. Ek het daar met 'n hele aantal van die manne gesels en verskeie van hulle het vir my gesê: „Kyk nou hierdie kursus, ons sien dat sekere natuurwetenskappe vandag heeltemal

5/......

iets anders is as wat ons geken het." Wat meer is, ek het met onderwysers gepraat wat vandag onderwysers in Wiskunde is. Ons praat oor die kursusse wat ons gedoen het jare gelede en hulle sê vir my vandag is die kursus baie verander en word daar in sekere rigtings veel minder gedoen as vroeër, in ander rigtings meer. Feit is, jy kry jou jong studente - soms van die bestes op universiteit - in daardie klasse en dan sê hulle vir jou hulle weet nie wat aangaan nie. Nou duur dit lank, soms met skade en skande vir baie jongmense, voordat hulle vir hulle aanpas. Gaandeweg, die wat hard werk en skrander genoeg is pas hulle wel aan, maar feit is tog dat ons moet erken dat daar 'n baie groot leemte is wat betref hierdie oorgang vandag van die skool na die universiteit toe. Sommige mense sê dat baie studente daardeur op die universiteite druip. Party mense sê dat op sommige universiteite tot 60-70% in sekere rigtings druip.

Dames en here, wat ons op Stellenbosch betref is dit nie ons ondervinding nie maar ons studentemateriaal wat veel beter is as by enige ander universiteit in ons land. Dit sê ek nou nie omdat ek daarmee wil spog nie. Ons het vanjaar vir omtrent 'n duisend studente wat aansoek gedoen het nie plek gehad nie. Ons moes keur. Ons hét gekeur en in die eerste instansie keur jy op grond van die rekord wat jy van die skole kry. Dit is in die eerste plaas die verslag van die Septembereksamens. Hoe graag jy ookal almal wat enigsins met sukses kan studeer wil neem, jy kan nie. Ons keur en wat ons dames betref, is net eersteklasse gekeur. Wat mans betref, tot net-net onder 60%, dus net-net onder eersteklas. Daar kom egter later vakatures en 'n mens neem dan ander op. Maar ons het vandag op Stellenbosch, in ons studentelewe, (6,700 studente)meer as die helfte met 'n eersteklas matriek. Die universiteit wat die naaste hieraan kan kom het op verre na nie soveel nie - dis maar 34-35%. U sal verstaan dat ons studentemateriaal goed is. Ons het nie daardie hoë getal druipelinge nie, maar ek wil dadelik ook sê ons het baie druipelinge. Ek bekommer my daaroor - en ons het druipelinge onder jong manne wat hard werk en wat nie onnosel is nie

en wat 'n mens verwag sou deurkom. Daar is die baie druipelinge al is dit dan by party universiteite baie erger as by ander. Daar is mense wat daarop wys dat hierdie 'n groot verlies van geld vir die staat beteken. Nouja, dit is seker ten dele waar. Ek glo egter nie dat elke jongman of jongdogter wat druip in die eerste jaar op die universiteit noodwendig 'n verlies van geld is nie. Inteendeel, ek weet van baie gevalle van jongmense wat in verkeerde rigtinge gegaan het wat 'n keer gedruip het, daarna in 'n ander rigting opgegaan het of daarna, omdat hulle die studie beter verstaan het, die metode beter verstaan het, met groot sukses gestudeer het en in wie se geval daardie druip vir een jaar 'n baie goeie uitwerking gehad het. Dit is dus nie altyd 'n verlies van geld nie. In die meeste gevalle is dit egter seker 'n verlies van baie kapitaal.

Wat egter vir my veel ernstiger is, is die geestelike skade wat aangerig word. Jy kan nog sê dis 'n verlies van 'n paar duisend rand maar die geestelike skade wat soms gedoen word is veel groter. Jy kry jongmense wat met idealisme en groot geesdrif na die universiteit kom. Jy kry ouers wat seuns en dogters stuur en geesdriftig is. Dan sak 'n seun of 'n dogter. Vir die ouers is dit 'n groot teleurstelling, vir daardie seun of dogter is dit 'n skok en hy het dit nooit verwag nie. Nouja, miskien is daar baie wat dit verdien het. Ek dink nie 'n mens moet egter so maklik sê baie studente verdien dit nie. Baie studente werk hard vandag. Ons moet ook nie so maklik praat van ons ryk studente nie. Ek het berigte in die koerante gesien van sogenaamde ryk studente wat heeldag met motorkarre rondry. As ek na daardie foto kyk wat daardie artikel vergesel het van ryk studente wat rondry met motorkarre en ek kyk na die motorkarre, dan is daardie motorkarre meerendeels die motorkarre van dosente. Ons het hulle herken. Ons moet nie maklik praat van ons ryk studente nie. Dames en here, ek kan vir u sê dat die oorgrote meerderheid van studente op Stellenbosch hard moet werk en worstel om 'n duur universiteitslewe deur te maak. Hier is talle jongmense wat wanneer die universiteit sluit een of ander verdienste moet

soek om te voorsien vir die volgende kwartaal. Hier is talle ouers wat moet worstel. U het egter ook diegene wat beter daaraan toe is. U het ook diegene wat onnodiglik motorkarre aanhou of daarin slaag om motorkarre aan te hou onder sekere voorwendsels. Maar universiteitsopvoeding is 'n duur ding, baie mense kry swaar. Kom jy by daardie studente wat nie sukses het nie, dan het jy baie gevalle waar die geestelike skade enorm is. Ek het persoonlik eenkeer die ondervinding gehad toe ek in 'n ouerhuis was toe 'n student teruggekom het van die universiteit af en hy sy eksamen gesak het - 'n eerstejaarstudent en ek wens u kon voel en u kon sien wat die atmosfeer in daardie ouerhuis was. Dit was eenvoudig net of die wêreld vir daardie jong seun en vir sy ouers wat soveel van hom verwag het, vernietig was. So jy kry, naas die finansiële skade die veel ernstiger skade, die skok wat dit meebring. Die skok vir ideale, die vernietiging van ideale wat partymaal kom en dit is wat my in die eerste instansie bekommer.

Verder dames en here, ons vind dat die gebrek aan sukses by studente, net soos die persentasie druipelinge by alle universiteite nie eenders is nie, ook nie in alle vakrigtinge eenders is nie. Jy kry sekere vakringtinge, en noem byvoorbeeld Ingenieurswese en Geneeskunde - in dié twee vakrigtinge weet ons is die persentasie van druipelinge hoër as in byvoorbeeld Tale en Lettere. Dit is nie noodwendig die geval dat die een swaarder is as die ander nie maar dis verskillend en dit stel verskillende eise. So tussen universiteite en ook tussen departemente aan dieselfde universiteit, is daar dikwels groot verskille wat betref die getal suksesse of die persentasie mislukkings.

In die jongste jare het daar in Suid-Afrika iets anders bygekom - verpligte militêre-opleiding. Jong manne word geloot vir 'n tydperk van verpligte militêre-opleiding. Nou kry ek baie ouers wat vir my kom vra, uit die oogpunt van die studie, is die verpligte militêre-opleiding en die onderbreking wat dit meebring, is dit 'n goeie ding of nie? Dit is 'n baie moeilike vraag. Maar ek wil dit graag sê, wat ek ookal aan

ons Departement van Verdediging gesê het: As jongmanne vir nege maande hulle studies moet onderbreek wanneer hulle uit die skool uit kom en hulle wil universiteit toe gaan, dan is dit 'n baie ernstige onderbreking. Gaan dit om gewone leervakke waar daar soms 'n baie hoë standaard vereis word en jy het 'n intelligente jongman, dan kan hy maklik weer die agterstand inhaal. Gaan dit egter om vakke wat nie gewone leervakke is nie, wat 'n sekere aanleg of 'n sekere geestesgesindheid vereis, dan is dit nie so 'n eenvoudige saak nie. As 'n jongman byvoorbeeld na sy matriek vir nege maande lank sy studie in Chemie, Wiskunde en Fisika onderbreek en hy moet daarna kom en hy moet kom vervat dan is dit 'n baie ernstige saak. Ek het gevalle gesien waar hierdie onderbreking, uit die oogpunt van die studie, 'n ernstige nadeel was. In baie gevalle gee ek toe is dit 'n baie goeie ding, dit leer meer dissipline, dit bring meer rypheid. 'n Jong man, as hy na die universiteit toe gaan, is meer in staat om met sukses sy studies voort te sit, hy het ondertussen ryper geword. Maar dis nie by alle vakke so nie, dis nie by alle mense so nie. Dit het die posisie nou meer gekompliseer.

Omdat daar nou soveel verskillende sye aan hierdie akademiese probleem is, en omdat ons met mense te doen het, kan ons verstaan dat die blaam hiervoor baie kwistig uitgedeel word. U sal self weet hoe dit gaan - die skool blameer die universiteit, die universiteit blameer die skool, die student blameer die professor, die professor blameer die student, die ouers blameer die onderwysers en die professore en lektore en almal blameer die onderwysstelsel. Dit is min of meer die toestand wat ons vandag het. Jy kry dan hierdie geval dat mense terugkom by 'n stelsel en sê die stelsel is nie goed nie, die stelsel moet verander word dan sal hierdie probleem opgelos word. Maar die saak is nie so eenvoudig nie.

Hoe dit ookal sy, ons sien een ding, daar is tussen die skool en die universiteit 'n baie groot gaping. Vir baie jong mense en vir baie verdienstelike jongmense is die oorgang van die skool na die universiteit vandag 'n groot skok, dikwels 'n groot struikelblok, soms selfs 'n vernietigende

skok. U as onderwysmense, u weet die opvoeding is opvoedingsproses en die proses moet harmonieus, vloeiend en ontplooiend verloop. 'n Mens moet skokke vermy, hy moet harmonieus en vloeiend verloop as hy die beste sukses moet hê. Kry ons daardie skok hier by die oorgang dan moet die onderwys en die opvoedingsproses daaronder ly.

## OPLOSSINGS VIR DIE PROBLEEM

Aangesien daar dan so baie sondebokke is, so baie persone of instansies die blaam kry, kan 'n mens verstaan dat daar ook 'n verskeidenheid van oplossings sal wees. Ek wil graag 'n bietjie by die oplossings of sogenaamde oplossings stilstaan. Ek het in samespreking met geïnteresseerde persone en liggame al baie met hierdie sogenaamde oplossings te doen gekry. Laat ek vir u nou net 'n paar noem. Een baie belangrike punt, iets seker wat 'n mens moet oorweeg en wat ek weet u ook oorweeg het, waarna die Voorsitter nou die aand ook verwys het in sy openingsrede, naamlik 'n addisionele jaar op skool. Dit kan egter in tweërlei lig gesien word, 'n addisionele skooljaar d.w.s. 'n jaar na matriek. Daar is in ons land sekere skole wat van die na-matriek jare ingevoer het. Nou baie keer word gesê dat 'n mens so 'n na-matriek jaar moet hê en leerlinge wat dan na die universiteit toe wil gaan moet, as hulle matriek gemaak het 'n afsonderlike jaar op skool vertoef en hulle moet meer bepaald voorberei word met die oog op die universiteitstudie. As die geleentheid daar is dan sal hulle voorberei kan word sodat die oorgang van die skool na die universiteit met meer vrug en met meer welslae sal kan geskied. Dit is seer seker iets wat 'n mens kan oorweeg.

Of anders, die ander sy van die oorgangsjaar. Daar word gesê nie 'n addisionele skooljaar na matriek nie, maar 'n pre-akademiese jaar op die universiteit. Daar word gesê dat die universiteite die beste weet wat hulle van leerlinge verwag wat uit die skool na die universiteit toe kom, en die universiteite moet so 'n pre-akademiese jaar instel. Daar is seker ook veel voor te sê en dis iets wat 'n mens behoort te oorweeg.

10/......

Dan word daar genoem dat die universiteitsjaar te kort is. Die universiteitsjaar tel net agt maande en as mens nou weer in daardie agt maande nagaan hoeveel klasdae daar is, dan sien jy dat dit maar 'n baie klein getalletjie klasdae is. Ek wil dadelik hier sê dat ek dink dat die akademiese jaar te kort is. As 'n mens die akademiese jaar kan verleng sou ek dit baie sterk wou steun, maar dis 'n baie moeilike saak om 'n patroon wat baie jare gevestig is te verander en dit het ook ernstige implikasies.

Maar, as 'n mens dan nie maklik kan verander nie, dan moet 'n mens ten minste op die universiteite jou akademiese jaar wat so kort is goed gebruik. Ons universiteit kan nie duld dat van die akademiese jaar, wat reeds so kort is, nog meer en meer afgesteek word vir allerhande doeleindes nie. Ek dink dat ons byvoorbeeld vandag aan ons universiteite en in ons land (en ek weet 'n mens maak jou nie altyd pupulêr deur dit te sê nie) veels te veel tyd aan sport bestee. Ek dink 'n mens sal ver gaan om iemand te kry wat hom so ingespan het vir gesonde sport van jongmense as wat ek hier op Stellenbosch gedoen het. U sal ver gaan om 'n universiteit te kry wat soveel geld gespandeer het vir die aanskaffing van grond en die daarstelling van sportgeriewe as wat ons gedoen het, maar ons het dit gedoen om fasiliteite te skep vir jongmense om gesonde liggaamlike oefening te kry en nie om hulle studietyd daarop te verkwis nie.

Dames en here, daarom het ek my verset en daardeur het ek my baie onpopulêr gemaak by sommige, teen hierdie addisionele landswye interuniversitêre rugbykompetisies. As vir rugby of watter sportsoort ookal in vakansietye sportbyeenkomste tussen universiteite gereël kan word is dit 'n goeie ding. Dit kan gedoen word soos vir atletiek, hokkie, tennis en krieket. Dit vind in die vakansies plaas. Ons kan nie, waar ons akademiese jaar reeds so kort is, toelaat dat dit nog korter gemaak word nie. Ek wil geredelik toegee dat ons akademiese jaar kort is.

Ek het uitgewy oor die een oplossing, naamlik dat die universiteitsjaar

langer moet wees, maar ek wil oorgaan na 'n ander oplossing in soverre as wat daar gesê is (nie so lank gelede nie) daar moet, wat betref die duur van universiteitskursusse gedifferensieer word.

Die gewone graadkursus is drie jaar byvoorbeeld B.A., B.Sc., of B.Comm. Sekere ander graadkursusse byvoorbeeld is vier jaar - Landbou, Ingenieurswese is vyf jaar en Geneeskunde is ses jaar. Daar is aan die hand gedoen dat 'n mens moet differensieer. Die gewone graadkursus laat strek oor drie jaar of vier jaar of vyf jaar, afhangende van die bekwaamheid van 'n leerling of 'n student. Dadelik kom ons te staan voor die probleem, hoe meet jy die bekwaamheid? In dié geval is die I.K. aan die hand gedoen. Ek weet nie of dit altyd heeltemal so bevredigend is nie maar dit is miskien iets wat 'n mens kan oorweeg. Op dié wyse kan daar dan volgens die I.K. van 'n student bepaal word hoe lank 'n bepaalde kursus sal duur.

Daar is ook onlangs nog aan die hand gedoen, in 'n vergadering waar universiteitsmense bymekaar was, ten einde leerlinge in staat te stel om hulle beter aan te pas op die universiteit en met meer sukses te werk, dat die eerste universiteitsjaar 'n jaar en 'n half moet duur. Hierdie jaar en 'n half, as ons die akademiese jaar van die universiteit neem, weet ek nie of dit 'n volle jaar sal wees nie. Ek gaan nie in op al die moeilikhede van hierdie dinge nie, maar ek noem vir u die moontlike oplossings wat aan die hand gedoen is. Ek dink 'n mens sal egter voel dat al hierdie moontlikhede naamlik addisionele skooljaar na matriek, pre-akademiese jaar op universiteit, langer universiteitsjaar, gedifferensieerde kursusduur vir kursusse, eerste jaar op universiteit van 'n jaar en 'n half, gewldige implikasies en veral geldelike implikasies het. Hier kom ons nou voor 'n wesenlike probleem te staan. Hierdie voorstelle het geweldige finansiële implikasies. Ten eerste moet baie meer geboue beskikbaar gestel word. Ten tweede moet meer leerkragte beskikbaar gestel word, op skool sowel as op universiteit. Voorsiening vir kleiner klasse, wat ook meer onderwysers en universiteitsdosente sal vereis,

moet gemaak word. Die finansiële implikasies is baie groot. Dit geld vir al die moontlikhede wat ek genoem het.

Daar is nog twee ander sogenaamde oplossings wat ek ook wil noem. Daar is byvoorbeeld gesê dat daar 'n bepaalde ouderdomsbeperking moet wees, 'n ouderdomsgrens vir toelating tot die universiteit. Niemand moet toegelaat word om van die skool af na die universiteit te gaan tensy hy of sy minstens negentien jaar oud is nie. Wel u sal dadelik weet watter besware 'n mens daarteen kan inbring. Oppervlakkig lyk dit miskien goed. Stel 'n ouderdomsbepaling. Mense moet ten minste 'n sekere rypheid besit, of 'n stadium bereik voordat hy universiteit toe gaan en kan dan beter werk. Maar nou kan ons net nie wegkom van die feit nie - is dit nie so dat van ons briljantste mense in die verlede kinderlik jonk op universiteit gekom het nie. Talle van die manne wat aan ons universiteite werk, het self baie jonk hulle grade verwerf. Is dit nie aan die ander kant ook so dat daar baie mense is wat op die universiteit kom op 'n veel meer gevorderde leeftyd en nooit presteer nie. Jy kan nie eenvoudig so 'n soort van algemene bepaling neerlê nie. Dit kan nie vir almal geld nie.

Tydens 'n onlangse bespreking deur universiteitsverteenwoordigers het ek die mening gehoor dat die kern van ons moeilikhede geleë is in die gebrek aan geld. Die owerheid gee nie genoeg geld nie. Die owerheid moet meer geld gee. Die Provinsies moet meer geld vir die skole gee. Die Sentrale Regering moet meer geld vir die universiteite gee. As ons meer geld het kan ons meer leerkragte, meer dosente aanstel. Ons kan meer geboue oprig. Ons kan klasse kleiner maak. Ons kan intensiewer werk en dan sal die dinge regkom. Dit klink nou goed maar ek het ook bedenkings daaroor. Ons het in die verlede met ons stelsel, met ons gebrek aan fondse, uitstekende mense opgelewer - ons skole sowel as ons universiteite. Talle mense wat hierdie oorgang van skool na universiteit baie goed deurgemaak het, het sukses behaal.

Dames en here, ek wil vir u sê dat ek nie 'n voorstander daarvan is dat 'n regering sonder meer maar steeds geld en fondse vir universiteite be-

13/......

skikbaar moet stel nie. Ek het dit by vorige geleenthede baie openhartig gesê en ek vrees van my kollegas op ander universiteite het niks daarvan gehou nie. Ek dink 'n universiteit moet nie verwag dat hy al sy geld sommer so maklik van die staat moet kry nie. Ons tref dikwels die vreemde verskynsel in die buiteland en ook in ons eie land aan dat jy mense kry wat hulle baie sterk beywer vir die outonomie van universiteite. Die universiteite is onafhanklik daarom moet hulle hulle geld soos hulle wil kan bestee. Dikwels is dit dan daardie selfde mense wat sê dat die staat baie meer geld vir die universiteite moet gee. Die staat moet die universiteit finansier - dié dinge rym nie. As die staat eenvoudig al die geld vir die universiteite moet gee dan dink ek is dit minstens die plig van die staat om te vra hoe hulle daardie geld gebruik. As universiteite wil sê ons het 'n outonomie wat onaantasbaar is, dan moet ons ook nie bereid wees om al ons geld van die staat te kry nie. Wat meer is, as 'n universiteit al sy geld van die staat moet kry (as die maatskappye hom nie help nie, as oud-studente hom nie help nie, as sakemanne en industrialiste nie die behoefte voel om universiteite te help nie, as daar nie mense is wat na vore kom en groot donasies aan universiteite maak in die besef van waardevolle werk wat universiteite doen nie), dan vra ek: Watter diens lewer daardie universiteit aan die maatskappy? Ek dink universiteite moet en behoort uit hulle pad te gaan om voeling te hou met die maatskappy en dit is die maatskappy se plig om ook bydraes te maak vir daardie universiteit.

Dames en here, ons universiteit het vyf jaar gelede begin met 'n grootse poging en ons het dwarsdeur die land gegaan en by ons oud-studente gesê: Kyk dit is wat ons doen, gaan julle ons help? Ons het niemand gesoebat nie. Mense wat gladnie in die kultuurkring staan waarin ons universiteit staan nie, het mildelik bygedra. Ons het gesê ons universiteit is daar, ons wil ons land dien, ons het fondse nodig. Ons het op hierdie wyse gedurende die afgelope vyf jaar byna R4-miljoen ingesamel. Dit beteken dat ons waardering sien vir die werk wat die universiteit

14/......

doen. Ons moet ons fondse, ten dele, op hierdie manier kry. Ons wil nie alles van die regering hê nie. Ek weet dit is 'n gevaarlike ding om te sê dat universiteite maar eenvoudig meer geld van die regering moet kry.

Meneer die voorsitter, dames en here, ek het vir u die sogenaamde oplossings genoem. As 'n mens nou by hierdie oplossings kom en 'n mens vra jou nou af, bied die een of die ander 'n oplossing, dan bring dit ons by die besondere ingewikkeldheid van hierdie probleem. Ek wil u dus meer bepaald wys op die besondere ingewikkeldheid van hierdie vraagstuk.

## INGEWIKKELDHEID VAN DIE VRAAGSTUK

Ek dink nie een van die genoemde oplossings nie en nie almal saam nie, bied werklik vir ons 'n oplossing nie. En wel om die belangrike rede, dat nòg die een, nòg die ander of almal saam genoegsaam rekening hou met die mens. Ons moet onthou dat ons hier met die mens te doen het. Met die mens en nie met masjiene nie. As jy meer geld gee, in die geval van die masjien, as jy meer brandstof gee, as jy meer olie gee, dan loop hy beter. By die mens weer as jy meer kos gee, as jy meer geld gee, sal hy nie noodwendig beter loop nie. Party loop slegter. Ons het met mense te doen, en dit maak die posisie verskriklik ingewikkeld. Laat ek net 'n paar aspekte daarvan noem.

Dames en here, ons het te doen met <u>leerlinge</u> op die skool. Hulle is nie almal eenders nie. As ek dit platweg mag uitdruk, daar is dommes en slimmes. Hardwerkendes en luies. Maar ons gaan nog dieper, daar is diè wie se belangstelling radikaal verskillend is van andere. Daar is dié wie se vermoë om 'n ding te vat langsamer is as die van 'n ander, nie noodwendig slegter nie, maar net langsamer. Daar is dié wat daarvan hou om na 'n sekere onderwyser te luister en na 'n ander miskien nie soseer nie. Daar is dié wat verskillend reageer op die leerstof wat vir hulle aangebied word. As u die leerlinge alleen neem dan merk u hoe moeilik hierdie saak word.

Neem dan jou onderwysers. Alle onderwysers is nie ewe bekwaam nie. Alle onderwysers besit nie eweseer die vermoë om kennis oor te dra nie. Alle onderwysers het nie dieselfde belangstelling nie. Hulle het verskillende vakgebiede, maar selfs in dieselfde vakgebied verskil die belangstelling. As ek my eie vak, die geskiedenis neem, kan ek verklaar dat dit met my ook so was. Ons vak is geskiedenis maar ons belangstelling is wel nie eweseer dieselfde in al die rigtinge van die geskiedenis nie. My oud-studente hier moet my vergewe maar ek gaan nou maar die bekentenis maak. As ek vir hulle les gegee het oor die konstitusionele geskiedenis dan het ek baie meer daarin gelewe as wanneer ek les gegee het oor die uitmeting van die Kaapkolonie. 'n Mens stel meer belang in sekere dinge en dan is jy geesdriftiger daarin. As jy met meer geesdrif daarin is dan reken ek 'n mens kan sê jy het meer sukses in jou onderwys ook. So by onderwysers is daar verskille van belangstelling, verskille van die vermoë om kennis oor te dra, verskille ook wat betref die reaksie ten opsigte van die reaksie van die leerlinge op die leerstof.

Dit word nog meer ingewikkeld. Ons gaan na die universiteitsdosente. Jy kry sekere universiteitsdosente, baie goeie leermeesters, hulle besit die vermoë, hulle kan dit doen, hulle het goeie studente, kry hulle samewerking en doen uitstekend maar jy kry ander universiteitsdosente wat dit ten ene male nie kan doen nie. Dosente wat eenvoudig nie in staat is om na behore hulle gedagtes oor te dra nie. Wat eenvoudig nie jongmense kan onderrig nie.

Wat is ons probleem nou op universiteit. Moet ons daardie mense afdank? Ek sê vir u party van daardie mense is van ons beste universiteitsmense. Van hulle is die beste navorsers. U sien hoe moeilik die saak word. Jy stel universiteitsdosente aan en jy sê: Is hulle goeie leermeesters, is hulle goeie vakmanne, is hulle goeie navorsers? Leermeesters en navorsers is dikwels 'n teenoorgestelde kwaliteit. Daarom, op die universiteit moet ons probeer om mense te gebruik op hulle sterkte. As jy weet 'n man is 'n goeie navorser, gee hom dan gevorderde werk en klein besprekingsgroepe.

16/......

Laat hom navorsingswerk doen maar hou hom weg van die groter klasse. Dikwels doen hy daar meer kwaad as goed. Het jy aan die ander kant die manne wat goeie leermeesters is wat graag met mense werk en wat graag onderrig wil gee, gebruik hulle by jou groter klasse. Gebruik hulle daar waar jy vormend wil wees. Nou kry jy soms mense wat goeie leermeesters is en wat sê: Ons het ook reg om ons eie navorsingswerk te doen. Jy moet soms op die universiteit voorsiening maak vir daardie dosente. Hierdie is vir my die ideale tipe van universiteitsdosent. Hy was aan die een kant die man is wat lewe in sy vak en probeer om onderrig te gee aan ander maar wat terselfdertyd ook hoë prys stel op sy eie navorsingswerk. Jy moet die moontlikhede vir hulle skep. Wat universiteite betref, dink ek dis moontlik om dit te doen. Ek dink universiteitsdosente wat so verskillend is, moet deur universiteite ook gebruik word op hulle sterktes. Maar u sien net weer hoe ingewikkeld dat hierdie saak word.

Dan kry ons ook die ouers. Ek dink u as onderwysers sal weet dat ouers die werk ook nog baie meer kompliseer. 'n Vriend van my ('n onderwyser) het eenkeer gesê: „Ja, dis maar moeilik. As daar baie kinders sak dan sê hulle dis 'n slegte onderwyser. As baie deurkom dan sê hulle dis slim kinders." Wat van die ouers? Ons sê dit ook baie op universiteit. Ouers kompliseer dikwels vir 'n mens hierdie saak baie meer. Ouers is dikwels in plaas van om heeltemal objektief te wees en met die onderwyser en die universiteit saam te werk, al te maklik geneig om te dink dat sy seun of sy dogter noodwendig baie slimmer is as enigiemand anders s'n. Ek ontvang talle briewe van ouers wat skrywe dat hulle seun of hulle dogter het so hard gewerk, en hulle kan net nie verstaan dat hy of sy gesak het nie. En as ek dan die betrokke professor of lektor vra, sê hy: Ja, maar hierdie persoon was nooit in die klasse nie.

Dames en here, wat ouers aanbetref, daar is ook 'n ernstiger sy daaraan verbonde. Ouers verkies dikwels, met baie goeie bedoelinge, dat 'n seun of 'n dogter die een of ander spesiale rigting moet neem. 'n Vader of 'n

moeder stel belang in 'n sekere rigting. Die seun of die dogter moet dit dan kies, en daardeur word dikwels, met daardie goeie bedoelinge, baie ellende veroorsaak. Dis amper nou te plat om hier te noem, maar ek wil dit darem vir u noem. Hier het by geleentheid 'n jong seun op universiteit gekom. Ek het met hom gesels en hy was nie onknap nie. Ek vra vir hom wat hy kom neem en hy antwoord Ingenieurswese. Ek sê vir hom, maar kyk, dis 'n swaar en dis 'n lang kursus. Voel jy reg vir die kursus? Hy sê, o ja, hy voel reg. Ek sê, hoekom sê jy so? Hy sê, daar by hulle by die huis is 'n hele paar ou dinge wat hulle aan gewerk het en onder andere een ou wekker. Niemand kon hom regmaak nie en hý het hom reggemaak.

Dames en here, hy is 'n praktiese man. Hy is min of meer soos een van ons gevorderde ingenieurstudente. By geleentheid kom hier manne van die myne wat jong ingenieurs soek wat hulle kan aanstel. Hulle wil baie graag ingenieurs hê en hulle maak toe reëlings om 'n paar van die jongmanne te ontmoet. Hulle hou samesprekings met hulle en later toe ek die mense van die myne vir 'n noenmaal neem, vra ek hulle met verwysing na 'n jongman wat laaste uitgekom het: „Well, how did it go?" Hy sê: „Most interesting." En dié jong man sê ek: „What is he like?" Hy sê: „A very good young chap." Ek sê: Wel, wat is sy belangstelling? Hy sê dat hy die jongman gevra het: „Supposing you took a job with the mines, in which direction are you specially interested?" Hy sê die oudjie kyk hom aan en sê: „Well sir, I'm mainly interested in the managerial section." Die eienaardige was toe ek vir die mynman vra: „And what did you do?" Hy sê: „I appointed him." Ek sê, ja, maar hoe moet ek dit verstaan? Hy sê: „Kyk, ek weet hierdie jongmanne werk hard, maar ek weet ook hy verstaan nog nie die dinge nie. Maar hy sal daar in die ghries begin en hy sal "manager" word."

Dames en here, so terugkomende by die eintlike punt weer, baie keer het jy ouers wat graag wil hê 'n student moet in 'n sekere rigting gaan en dikwels maak hy dan nie 'n sukses daarvan nie. Op die end kry jy die

18/......

student hier op die universiteit, hy sê vir jou ek het daardie rigting gekies, ek het 'n mislukking daarvan gemaak, ek blameer my ouers daarvoor. So dit is 'n verskriklike ingewikkelde toestand. Jy het te doen met mense, verskillende belangstellings en verskillende bekwaamhede. Dit is leerlinge, onderwysers, universiteitsdosente en ouers.

Daar is na my mening geen eenvoudige resep nie. Ek sou dink ons moet onthou dat ons huidige stelsel ten spyte van sy gebreke ook verdienstes het. Ons moet nie maklik geneig wees om alles te wil afskryf en afbreek nie. Ons huidige stelsel het ook sy verdienstes en die verdienstes moet goed gebruik word. Jongmense het in die verlede immers ook in groot getalle die oorgang van die skool na die universiteit met groot sukses gedoen. Nou kan ons miskien sê, goed hulle het dit gedoen maar ten spyte van 'n baie swak stelsel. Dit mag ook wees. Maar ek dink die stelsel wat ons het moet goed gebruik word.

Dit bring my by die laaste punt wat ek net hier vir u wil noem, naamlik: Wat staan ons nou te doen? Eerstens, ek dink ons moet onthou daar is nie 'n towerwoord nie. Daar is nie 'n hoë woord nie. Ek het dit nie. U het dit nie. Nie een van ons het dit nie. Maar ek dink ons moet ten eerste, op deeglike wyse, van ons huidige stelsel rekenskap gee. In soverre tydsomstandighede verander en in soverre nuwe eise gestel word, is dit ons plig om ons stelsel te ondersoek, en te kyk in welke opsigte dit hervorm moet word. En dan moet ons bereid wees om dit te hervorm. Ek glo daaraan dat 'n mens nie te vas moet wees aan 'n bepaalde ou stelsel nie, sodat jy eenvoudig naderhand 'n nakonisme in jou eie tyd word veral nie in onderwysopvattinge nie. 'n Mens moet jou stelsel gedurig ondersoek. Ek wil egter beklemtoon dat ons ouers moet weet dat dit 'n buitegewone voorreg is om 'n seun of 'n dogter deur die skool en na die universiteit te stuur. Vir baie ouers vandag word dit gesien as 'n roetine. Dit is 'n seldsame voorreg. Baie onderwysers en universiteitsdosente moet meer tot die besef gebring word dat terwyl hulle met 'n groot verantwoordelikheid beklee is, hulle ook 'n seldsame geleentheid kry. Onderwysers en

19/......

universiteitsdosente en nou skaar ek my saam met u, ons almal, ons moet weet dat ons 'n groot verantwoordelikheid dra dat ons 'n potensiaal voor ons het wat ons ten beste moet gebruik.

## INTENSIEWE AANDAG AAN STUDENTE

Dit is die rede dat hier aan die Universiteit van Stellenbosch 'n stelsel ingevoer is van meer intensiewe aandag aan studente, veral aan eerstejaarstudente. As Rektor het ek 'n vuurdoop gehad met hierdie aangeleentheid dertien jaar gelede maar ek is bly ons het dit gedoen. Talle ouers skrywe vir ons om waardering uit te spreek vir die intensiewe leiding wat aan eerstejaarstudente gegee word.

Leerlinge op die skole moet besef dat die tyd wat 'n mens op die skoolbanke deurbring nie maar net 'n vermoeienis is vir gees en liggaam nie, maar werklik iets is wat jou in staat stel om jou toe te rus vir jou latere lewe. Vir dié wat universiteit toe gaan is dit die geleentheid om jou voor te berei vir die universiteit. Studente aan ons universiteite moet weet dat die studietyd daar is vir ernstige studie wat ten beste benut moet word. Hier is aan die universiteit, soos ek vir u gesê het, tal van studente wat swaar kry en hard werk en ek het in die jongste tyd baie meer onder die indruk daarvan gekom. Hier voor my sit prof. Gawie Cillié. Hy het te doen met studente in die wiskunde - 'n departement wat 'n baie hoë standaard handhaaf waaroor ons dankbaar is - hy het in sy departement 'n tradisie van werk onder studente wat ek dink vir almal van ons 'n voorbeeld is. Studente in 'n departement moet weet hulle is daar om te werk. Die universiteit, dit moet studente weet, is nie 'n paspoort vir pret en plesier nie. Ek vrees daar is vandag te veel wat die neiging openbaar dat dit pret, plesier, sport en hospitaaljole is wat dwarsdeur die jaar aandag van studente opeis. Ons moet dié dinge beperk. Studente moet weet dit is 'n geleentheid wat hulle kry om aan die universiteit te sit en hulle moet die beste gebruik daarvan maak.

## DEEGLIKE ONDERSOEK VAN PROBLEEM

Dan, meneer die voorsitter, dames en here, laat ons ook 'n praktiese stap oorweeg. Nie net alleen moet ons die huidige stelsel na die beste van ons vermoë gebruik nie en nie net moet ons die regte gesindheid hê nie - leerlinge, ouers en universiteitsdosente - maar ek dink daar is nog iets wat ons kan doen. Ek dink dit het tyd geword dat hierdie probleem van die oorgang van die skool na die universiteit deeglik ondersoek moet word. Dit moet 'n deeglike en diepgaande ondersoek wees en dit moet nou gebeur. Wat meer is, die mense wat dit moet ondersoek is die mense van ons skole en die universiteite. Ek kom altyd weer onder die indruk daarvan hoe ons by die universiteit en by ander universiteite eenvoudig verby werk by ons skole. Ons werk parallel en daar is 'n skeiding en die een weet nie wat by die ander aangaan nie. Ek dink ons moet hierdie verhouding ondersoek en ons moet in ons werk by mekaar korreleer en inskakel. Hierdie ondersoek moet onverwyld plaasvind.

Nou weet ek hier sal seker verskeie wees wat sal sê dit is in die eerste instansie die taak van die Nasionale Onderwys-Adviesraad. Ander wat sal sê dis die taak van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Nog ander wat sal sê dit is die taak van die Provinsiale Departement van Onderwys. Ek het met prof. P.S. du Toit, wat lid is van die Nasionale Onderwys-Adviesraad, gepraat en gevra in hoeverre het die Raad al hieraan aandag gewy. Hy het my meegedeel wat die raad gedoen het maar uit die aard van die saak, is dit nie iets wat in die voorgrond staan van die raad se taak nie. Hy het eintlik met ander probleme nou te kampe. Ons weet ook die Nasionale Onderwys-Adviesraad sit met so 'n vol program met sulke netelige vraagstukke op ander onderwysfronte, dat dit onmoontlik hierdie take sou kon uitvoer.

Ek dink ons moet 'n begin maak en ek sou dink ons moet 'n begin hier maak. Hier waar ons nou is. Nie dat ek van mening is daar is nog niks in die rigting gedoen nie. Ek het met prof. Du Toit die saak bespreek en dit het my geïnteresseer om kennis te maak met sekere publikasies in

21/......

hierdie verband. Een het ek hier voor my. In 1955 is 'n stuk werk gedoen deur dr. J.D. Muller naamlik UNIVERSITEITSTOELATING IN DIE MIDDELBARE SKOOLWESE IN S.A. AS GEINTEGREERDE FAKTORE IN VERBAND MET DRUIPING AAN DIE UNIVERSITEIT. Hier is baie nuttige werk gedoen. Hy wys op verskillende faktore wat druiping aan die universiteit en dus ook die kwessie van die oorgang van die skool na die universiteit affekteer. Maar hier bly tog baie aspekte wat eenvoudig nie aangeroer is nie. Hierdie werk het verskyn of liewers is aangebied in 1955. Nouja dis meer as 10 jaar gelede en sedertdien het die prentjie al weer baie verander. Daar het sekere vakrigtinge onder die aandag gekom van die tyd af wat tien jaar gelede nog nooit so onder die aandag was nie. Dit bly egter 'n verdienstelike werk. Ek wil dit glad nie negatief beskou nie.

Hier voor my het ek ook 'n studie wat beskikbaar gestel is deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad (opgestel deur dr. H.S. Steyn van die Universiteit van Suid-Afrika, bygestaan deur verskillende manne) wat hulle betitel, 'N STATISTIESE STUDIE I.V.M. DIE AANSLUITING TUSSEN SKOOL EN UNIVERSITEIT. Dit handel oor die kwessie waaroor ons nou vanmôre hier praat. Dit is 'n statistiese studie. Hier word ons 'n menigte van tabelle gegee tesame met 'n kort ontleding daarvan. Dit is 'n waardevolle werk. Dit is beskikbaar gestel in 1963 en is in hoofsaak statistieke. Die bedoeling is om 'n prentjie te gee soos dit uit die statistieke tot ons spreek.

Ek het verder hier voor my ook twee nommers van <u>Die Unie</u>. In die April-uitgawe van vanjaar is daar 'n stuk van prof. P.S. du Toit, waar hy skrywe oor hierdie kwessie - die aansluiting tussen skool en die universiteit. Hy verwys veral na hierdie werk van prof. Steyn, en die vernaamste punte en bevindinge word na vore gebring. Prof. Du Toit het eweneens in die uitgawe van Junie 1966 geskrywe en hierin het hy weer meer bepaald ingegaan op die kommentaar wat gelewer is deur die Nasionale Onderwysadviesraad i.v.m. die verslag van prof. Steyn. Ek haal slegs een

22/......

enkele punt uit die verslag van die Adviesraad aan, naamlik: „Die Nasionale Adviserende Onderwysraad is van mening dat die vraagstuk van doeltreffende aansluiting tussen skool en universiteit 'n vraagstuk is van die skole en die universiteite maar dat dit tans in die eerste instansie 'n vraagstuk is waarby die universiteite as inisiatiefnemer moet optree." Dit is die kommentaar van die Onderwysraad. Daar is baie hierin vervat wat ek nie ten volle wil onderskrywe nie. Daar is nie net een universiteit nie maar baie en onder hulle is daar verskillende standaarde en uitgangspunte. Die universiteite moet hulle egter hierin interesseer - dis ons plig. Daar is dus al reeds iets in hierdie rigting gedoen en dit is ook verdienstelike werk maar na my mening is dit nog glad nie genoeg nie.

Wat vind ek nie in hierdie werke nie? Ek vind daarin nie 'n ontleding van die inhoud van kursusse op die skole wat op die universiteit voortgesit word nie. Laat ek 'n voorbeeld noem. Ek vind daarin nie 'n uiteensetting en ontleding van byvoorbeeld wiskunde op die skole nie en wiskunde op die universiteite om te sien in hoeverre kan die een 'n inleiding wees tot die ander. Dieselfde wat betref fisika en ander rigtinge. Maar dit spyt my ook om te sê ons moet ook 'n ondersoek in ander vakke byvoorbeeld geskiedenis op skole is soverre dit leerlinge voorberei vir die universiteit kry. Hierin moet ons tenminste sê wat op die skole gedoen en wat op die universiteite gedoen word. Ons moet van mekaar weet. Hierdie aspekte kom glad nie genoeg na vore in hierdie publikasie nie. In hierdie publikasie vind ek ook nie 'n nadere ontleding van die menslike probleme nie - 'n ingewikkelde aspek wat van die uiterste belang is.

Ek lees vanmôre, na aanleiding van u verrigtinge van gisteraand in die <u>Cape Times</u>, die volgende beriggie: „The congress of the S.A.O.U. decided last night that the time had come to consider a preparatory course for admission to university. It ask the Cape Education Department to appoint a commission to investigate the matter. The proposal was

accepted". . . . . . en so aan. Dan word hier genoem die besprekings met verwysing na mnr. Botha met sy aandeel in dié verband en sy verwysing na die sesde vorm in Engeland en die Junior College in Amerika. En dan ten slotte net „S.A. Universities does not apply the overseas form of selection. 40% of the students who enroll at S.A. Universities never obtain a degree, and therefore the time had come for a preparatory course."

## SLOT

Is hierdie aangeleentheid nie nou een waaraan ons aandag moet bestee nie? Ek wil graag voorstel dat die S.A.O.U. die inisiatief neem. Die S.A.O.U. is 'n invloedryke liggaam en beskik oor 'n lang en 'n trotse tradisie van diens aan die onderwys. Kan die S.A.O.U. dan nie begin met samesprekings nie. Laat ons hier begin: Hier waar ons aan die Universiteit van Stellenbosch bymekaar is. Kan die S.A.O.U. nie begin met samesprekings met die Universiteit van Stellenbosch nie? Hierdie probleem lê immers op ons albei se weg. As ons dan vanuit eie kring verder gaan kan ons ook vir andere ons insig, ons bevindings tot beskikking stel. Ek hou my daarvan oortuig dat as ons met mekaar saamwerk ons in staat sal wees om iets te lewer wat tot diens van ons hele land en ons hele volk sal wees.

Terwyl ek sê ek meen dit sal goed wees as die S.A.O.U. die inisiatief neem, besef ek baie goed ons sal weer te doen kry met die finansiële probleem. U Bestuur kan vir my sê dat u nie oor die fondse beskik nie. Ek dink egter ons kan die fondse kry. Ek sal graag ook my hulp wil beskikbaar stel om die fondse te kry. Ek sal graag wil sien dat so 'n ondersoek van so 'n belangrike onderwysprobleem begin word onder die leiding van 'n organisasie soos die S.A.O.U. As u die hulp van die Universiteit van Stellenbosch daarby wil hê sal ek van my kant my bes doen om te kyk of ons sodanige hulp kan verleen. Daarmee sal ons ongetwyfeld aan baie van ons jongmense 'n diens van blywende waarde kan lewer en

daarmee sal ons inderdaad ook op die lange duur die blywende belange van die Republiek van Suid-Afrika dien.

*******************